Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 10 Mar 2018
Page: 35

AVE: 15246.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1



# Nou vir die 100 m . . .



Anaso Jobodwana ná sy sege oor die 100 m-wêreldkampioen, Justin Gatlin, Donderdagaand by Tuks se L.C. de Villiers-stadion.

# Jobodwana klop wêreldkampioen én word pa

**Wim Pretorius**

Akani Simbine het dit in 2017 tydens die Diamantliga-reeks in Doha vermag in die 100 m en Donderdagaand het Anaso Jobodwana in sy landgenoot se voetspore gevolg toe hy die Amerikaner Justin Gatlin in Pretoria in die 150 m laat les opsê het.

Jobodwana, wat Woensdag die geboorte van sy eersteling in die VSA misgeloop het, het nou 'n tyd van onder tien sekondes in die 100 m in sy visier wanneer hy volgende week aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskap gaan deelneem.

Dit word ook op Tuks se L.C. de Villiers-stadion aangebied.

Dié Tukkie, wat ook voorheen die nasionale rekord in die 200 m gehou het, het die wenstreep in 15.08 sekondes oorgesteek, met twee ander plaaslike atlete, Roscoe Engel van Bellville-atletiekklub en Luxolo Adams van Madibaz-atletiekklub wat ook voor Gatlin geëindig het.

"Ek is goed bewus daarvan dat Gatlin nog nie op sy beste is nie," sê Jobodwana.

"Dit was sy eerste wedloop van die seisoen, maar ek gaan eerlik wees en sê dit is aangenaam om met 'n sege oor 'n wêreldkampioen te spog. Min atlete kan sê hulle het vir Gatlin geklop."

Gatlin het verlede jaar in Londen verras toe hy die 100 m by die Wêreldbyeenkoms in Londen gewen het.

Volgens Jobodwana se breier, Thabo Mathebedi, kan sy atleet volgende week maar net die sesde Suid-Afrikaner word om die 100 m in minder as tien sekondes af te lê.

"Daar is 'n paar klein dinge waaraan ons moet werk om te verseker dat hy ten minste 'n paar honderdstes van 'n sekonde vinniger kan hardloop," sê Mathebedi.

"Die belangrikste is dat hy vinniger uit die blokke moet kom."

Jobodwana het in 2017 ná beseringsprobleme met sy peil gesukkel, maar teen die einde van die jaar weer sy ritme gevind.

Mathebedi glo egter nie dat Jobodwana se sege veel van 'n verrassing was nie.

"Ek sou vooraf al kon sê wat gaan gebeur, want ek het gesien hoe Anaso in sy oefeninge vaar. Hy het sy selfvertroue herwin."

Hy sal volgende maand by die Statebondspele in Australië se Goudkus aan die 100 m, 200 m en 4x100 m-aflos deelneem, maar by die nasionale kampioenskap sal hy net sy slag in die 100 m wys, waar Simbine op hom wag.

"My grootste uitdaging is om my vaart in die 100 te verbeter. Die enigste manier om dit te doen, is om 'n student van die naelloopkuns te bly," sê hy.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.